

## DIE VERHOUDING TUSSEN DIE BAKGATLA BAGAMOTSHA EN DIE BLANKES IN DIE LANDDROSDISTRIK PRETORIA TOT 1881

J.S. Bergh  
*Universiteit van Stellenbosch*

Wanneer die verhouding tussen Blank en Swart in die destydse Suid-Afrikaanse Republiek oppervlakkig bestudeer word, kan die versoeking bestaan om die klem eensydig net op die verskillende oorloë tussen die groter stamme en die Transvaalse regering te laat val. Tog het van die mees intense interaksie plaasgevind met die kleiner stamme en in gebiede waar 'n digter blanke bewoning was. 'n Studie van hierdie laasgenoemde verhoudings lewer interessante gegewens op. Die verhouding tussen die Bakgatla bagaMotsha en die Blankes in die Landdrosdistrik Pretoria is 'n voorbeeld daarvan.

Die Bakgatla bagaMotsha hoort tot die Westelike Sotho of Tswana. Volgens volkekundige bronne was die Bakgatla vroeër in Wes-Transvaal woonagtig vanwaar hulle, waarskynlik lank voor die kom van die Blankes, na Sentraal-Transvaal verhuis het. Hierna het vier Bakgatla-groepe tot stand gekom, te wete die Bakgatla baga-Mosêtlha, Bakgatla bagaMmakau, Bakgatla bagaKgafela en die Bakgatla bagaMotsha.<sup>1</sup> Die Bakgatla bagaMotsha beweer dat hulle voorvaders aanvanklik by die Waterberg gevestig was. Toe Mzilikazi hulle hier lastig val, het hulle eers na die omgewing van die teenswoordige Middelburg en later na die Apiesrivier verhuis, waar hulle hul nuwe kraal Tshuaneng gevestig het.<sup>2</sup>

Een van die ouer stamlede het in 1871 getuig dat hulle die heel eerste kraal aan die Apiesrivier aangelê het. Die eerste Blanke wat in daardie omgewing kom woon het, was volgens hom ene Hendrik Klopper. Klopper sou aan hulle gesê het om die Apiesrivier op te dam en 'n watervoor te grawe. Op bevel van hulle kaptein het hulle vir hom gewerk.<sup>3</sup> Later het hulle met die Blankes gebots en weggetrek. Hierop sou die Blankes hulle grond in besit geneem het. Toe hulle dus later onder kapteinskap van Moëpie wou terugkeer,<sup>4</sup> was hulle sonder grond en het hulle op die plaas van D.E. Erasmus aan die Apiesrivier gaan woon. Hy was egter nie bereid om hulle daar toe te laat nie.<sup>5</sup>

Omdat die boere in daardie omgewing gretig was om die stam se arbeidskragte vir hulself te behou, het hulle besluit om grond vir hulle aan te koop om op te bly.

H.J. van Zyl: *Die Bakgatla van Mosêtlha*, pp. 15–23; *Short History of the Native Tribes of the Transvaal* (Native Affairs Department), p. 27; *The Native Tribes of the Transvaal* (War Office), p. 22; N.J. van Warmelo: *Die Bakgatla bagaMosêtlha* (Department of Native Affairs, Ethnological Publications, no. 17), pp. 4–5.

*Berliner Missionsberichte* 1870, p. 70; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, pp. 636–637.

S.S. 139. Supplementêre Stukke 1871: Commissie voor Kafferzaken, verklaring van David, pp. 349–351.

*Berliner Missionsberichte* 1870, pp. 70–71; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, p. 637.


5. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Vernieuwing van Contrak, 1/11/1870.

In 1856 is 'n geskrewe kontrak met Kaptein Moëpi aangegaan<sup>6</sup> waarvolgens die Bakgatla bagaMotsha in ruil vir hulle verblyf op die grond, arbeid moes voorsien aan die boere wat bygedra het tot die aankoop van die grond. Hierdie boere het as "belanghebbers" bekend gestaan. Die kaptein en sy lyfwag was van die verpligte arbeid uitgesluit, maar hy moes op die grond woon en toesien dat sy onderdane die kontrak nakom. Verder moes die stamlede ook die landswette gehoorsaam. Elkeen van die belanghebbers was op vyf of ses arbeiders geregtig en hierdie reg sou na hulle dood deur hulle kinders oorgeneem word. Indien een vandie belanghebbers uit die distrik sou padgee, sou sy aanspraak op arbeid verval en sou sy oorspronklike bydrae aan hom teruggegee word. Daar is verder ook bepaal dat die boere hulle arbeiders regverdig moes behandel en hulle vir hulle arbeid moes vergoed. Enigeen wat sy arbeiders mishandel, se aanspraak op arbeid sou verval. Veldkornet A. van der Walt is as toesighouer oor die stam aangestel en hy sou deur sy kinders in hierdie posisie opgevolg word. Die arbeiders kon ook hulle klagtes aan hom voorlê.<sup>7</sup> Die kontrak sou "van beijden zijden van geslagten tot geslagten"<sup>8</sup> van krag wees.

Die plase Boschplaas, die helfte van Wijnandskraal en die helfte van Witgatboom is deur die belanghebbers aangekoop vir die Bakgatla bagaMotsha.<sup>9</sup>

Die belanghebbers het van tyd tot tyd byeengekom om aangeleenthede in verband met die arbeiders te bespreek en daaroor te besluit. In 1861 het hulle onder meer besluit oor die verkryging van meer grond en die vaspen van die aantal belanghebbers.<sup>10</sup> In 1868 weer moes hulle besluit oor die toelating van 'n sendeling by die stam.<sup>11</sup> Veldkornet A. van der Walt is mettertyd deur sy seun H.P. van der Walt as die belanghebbers se toesighouer opgevolg.<sup>12</sup>

- 
6. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Vernieuwing van Contrak, 1/11/1870; S.S. 128: R1486/70, A. Maubane — Volksraad, 4/12/1870; S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Commissie voor Kafzeraken, verklaring van David, pp. 349—351; *Berliner Missionsberichte* 1870, p. 71; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, pp. 637—638.
  7. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Vernieuwing van Contrak, 1/11/1870; C.4141, '68/69 Correspondence re the alleged Kidnapping and Enslaving of young Africans by the People of the Transvaal Republic: J.J. Pratt — Earl of Clarendon, 18/3/1869.
  8. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Vernieuwing van Contrak, 1/11/1870.
  9. U.R.2, Uitvoerende Raadsbesluit, 5/11/1866, artikels 1, 2, 3, 4 en 5; Aktekantoor, Pretoria: Pretoria-plaasregister (496—539), Boschplaas 507, p. 319; Aktekantoor, Pretoria: Pretoria-plaasregister (113—158), Wijnandskraal 154, p. 223; Aktekantoor, Pretoria: Pretoria-plaasregister (57—110), Witgatboom 62, p. 289.
  10. S.S. 48: R722/63, Byeenkomst, 16/5/1861.
  11. *Berliner Missionsberichte* 1870, pp. 68—69; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, pp. 640—641.
  12. S.S. 50: R722/63, Verklaring van H.P. van der Walt, 24/9/1868.



Oorgeneem uit: J.S. BERGH: *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, 1866—1881.*

Twaalf jaar na die totstandkoming van die kontrakverhouding tussen hierdie blanke boere en swart arbeiders, kom daar 'n derde party by, naamlik 'n sendeling by die Bakgatla bagaMotsha. Eerwaarde O. Sachse van die Berlynse Sendinggenootskap het eers vooraf verlof daartoe gekry by die Swartes self, asook by die belanghebbers en die Transvaalse regering.<sup>13</sup>

Die Bakgatla bagaMotsha het, soos ander tradisionele stamme, sekerlik nie vanweë hulle godsdienswyer ingewillig om 'n sendeling te ontvang nie. Hulle was immers op daardie stadium in 'n groot mate nog ongekersten. Ander oorwegings het hulle waarskynlik gemotiveer. Die sendelinge kon byvoorbeeld namens die kapteins makliker regstreeks met die owerhede skakel en die kapteins se kant van die saak stel. Verder kon hulle as beskermhere vir die stamme optree deur voorspraak vir hulle by die boere van die omgewing te doen, of hulle kon — omdat hulle verder ontwikkel was — die kapteins van waardevolle raad en inligting bedien in verband met hulle verhouding met die Blankes. Daarbenewens kon die sendeling gratis voltydse skoolonderrig aan hulle gee.<sup>14</sup>

Die komste van 'n sendeling het op 'n vroeë stadium uitgeloop op 'n konfrontasie tussen Christelike norme en die tradisionele gebruik van die Bakgatla bagaMotsha. Groot opskudding is byvoorbeeld veroorsaak toe eerwaarde Sachse die eerste huwelik sonder die tradisionele stamgebruiken bevestig het. Veral die feit dat die *bogadi*-gebruik nie nagekom is nie, het groot verontwaardiging by die stam uitgelok.<sup>15</sup> Dit was immers 'n diepgewortelde gebruik by die Bakgatla dat die bruidgom se familie *bogadi*, gewoonlik beeste, aan die bruid se ouers gee.<sup>16</sup> Vermoedelik het die wanopvatting by die Berlynse sendeling bestaan dat die bruidegom met die *bogadi* die bruid "gekoop" het — wat dan 'n soort slawerny sou wees.<sup>17</sup> Hulle het nie begryp dat die *bogadi*-gebruik bedoel was om die bruidegom se aanspraakreg op die kinders wat deur sy vrou gebaar sou word, te bevestig en om terselfdertyd groter sekuriteit aan die vrou se posisie in haar man se kraal te gee nie.<sup>18</sup>

Ook die toorderypraktyk is deur Sachse kort na sy aankoms teengetrek. Die skielike dood van 'n toordokter en die verongelukking van drie jong stamlede wat toorbestanddele versamel het, is deur hom gebruik om die stam teen toordery te waarsku.<sup>19</sup>

In 1870 is eerwaarde Sachse en die Transvaalse regering betrek by die opvolgstryd om die kapteinskap van die Bakgatla bagaMotsha. Toe kaptein Moëpie 'n paar jaar tevore oorlede is, moes hy volgens gebruik deur Andries Maubane, sy seun by sy hoofvrou, opgevolg word. Maubane was op daardie tydstip nog te jonk en moes ook nog die inisiasieskool deurloop. 'n Regent is gevolglik aangewys. Hierdie regent was by die Blankes onder die naam Saul bekend. Toe Maubane gereed was om die kapteinskap oor te neem, wou Saul dit nie afstaan nie en onenigheid en stamtwis het daaruit voortgevloeい.<sup>20</sup>

13. J.S. Bergh: *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, 1866–1881*, pp. 100–105.

14. J.S. Bergh: *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, 1866–1881*, pp. 160–163.

15. *Berliner Missionsberichte* 1873, pp. 391–393.

16. H.J. van Zyl: *Die Bakgatla van Moséthla*, pp. 65–66, 176.

17. S.N.7: A. Merensky – P. Kruger, 8/8/1881 (De Naturellen Kwestie):

18. F.(J.)P. Bruwer: *Die Bantoe van Suid-Afrika*, pp. 71, 76.

19. *Berliner Missionsberichte* 1870, pp. 207, 208; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, p. 647; D.E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd-und Ostafrika*, p. 255.

20. U.R. 23, Uitvoerende Raadsbesluit, 30/4/1870, artikel 75; *Berliner Missionsberichte* 1871, p. 180; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, p. 648.

Later het 'n gewapende stryd gedreig. Eerwaarde Sachse het een aand net betyds tussenbeide getree en 'n oppervlakkige versoening tussen Maubane en Saul bewerkstellig.<sup>21</sup> Daarna het Sachse aan die regering geskryf dat Maubane gereed was om in sy kapteinsamp bevestig te word.<sup>22</sup> Voordat die regering egter hierop kon reageer, het die plaaslike veldkornet opgedaag en op sy eie vir Maubane tot kaptein verklaar. Hy het boonop die omstrede reëling getref om 'n aantal stamlede aan Saul toe te wys — iets wat volgens Sachse die stryd sou laat voortduur. Die regering het besluit om hierdie optrede te ignoreer en die saak in eie hande te neem.<sup>23</sup>

Hulle het aan Saul en Maubane opdrag gegee om na Pretoria te kom sodat die saak afgehandel kon word.<sup>24</sup> Op die vasgestelde dag het Saul nie opgedaag nie en is Andries Maubane in eersgenoemde se awesigheid deur die Uitvoerende Raad as kaptein ingestel. Hulle het die Landdros van Pretoria vervolgens opdrag gegee om as gebaar van welwillendheid 'n geweer aan Maubane te gee en om die aangeleentheid self verder te hanteer.<sup>25</sup> Hy het Saul per brief oor sy optrede berispe en die saak daar-na as afgehandel beskou.<sup>26</sup>

Nadat Maubane die kapteinskap oorgeneem het, het die belanghebbers die oorspronklike kontrak van 1856 op 1 November 1870 met hom en sy raadsmanne hernu.<sup>27</sup> Die stam was egter geensins met hierdie kontrak tevreden nie. Maubane het trouens slegs 'n maand ná die hernuwing daaroor by die Volksraad gekla. Hy het versoek dat of die kontrak nietig verklaar word of ander grond deur die Raad aan hulle toegestaan word waar hulle slegs aan die regering onderhoring sou wees. Indien nie een van hierdie twee alternatiewe moontlik sou wees nie, het hy versoek dat hulle toegelaat word om die land te verlaat.<sup>28</sup> Die Uitvoerende Raad het daarop die Kommandant-generaal, Paul Kruger, gelas om die saak te ondersoek.<sup>29</sup> Op 17 Desember 1870 het hy die verteenwoordigers van die belanghebbers en die Bakgatla bagaMotsha byeenge-roep.

By hierdie geleentheid het Maubane aangevoer dat hy die kontrak hernu het omdat hy bang was vir die belanghebbers, hoewel hulle hom nie openlik gedreig het nie. Verder het hy sy versoek herhaal dat die regering ander grond aan hulle moes toestaan. Hy sou dan toesien dat sy onderdane steeds hul arbeid aan die boere teen besoldiging verskaf. Een van sy raadsmanne het die redes vir hulle ontevredenheid met die kontrak uiteengesit, waarvan die meeste reeds deur Maubane in sy brief aan die Volksraad gemeld is. Onder meer is aangevoer dat die stam destyds, kort na die eerste kontraksluiting in 1856, 88 beeste aan veldkornet A. van der Walt gegee het as betaling vir een van die plase waarop hulle gewoon het. Die belanghebbers het

21. *Berliner Missionsberichte* 1871, p. 180; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, pp. 650–652; D.E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*, p. 255.
22. S.S. 121: R390/70, O. Sachse — Uitvoerende Raad, 5/3/1870; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, p. 652.
23. H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, pp. 652–653.
24. U.R. 23, Uitvoerende Raadsbesluit, 20/4/1870, artikel 25.
25. U.R. 23, Uitvoerende Raadsbesluit, 30/4/1870, artikel 75; Landdros Pretoria 3: B.C.E. Proes — Landdros Pretoria, 6/5/1870.
26. Landdros Pretoria 32: W. Skinner — O. Sachse, 28/7/1870.
27. S.S. 139, Supplementäre Stukke 1871: Vernieuwing van Contrak, 1/11/1870.
28. S.S. 128: R1486/70: A. Maubane — Volksraad, 4/12/1870.
29. U.R. 24, Uitvoerende Raadsbesluit, 10/12/1870, artikel 5; S.S. 8618: B.B. 1768/70, B. Proes — A. Maubane, 12/12/1870.

hierdie aanspraak betwis en die betaling van die beeste anders uitgelê. Volgens hulle het die jonger stamlede op grond van die arbeid wat hulle aan die belanghebbers verskaf het, bewerkingsreg gehad op die plase waar hulle gewoon het. Die ouer stamlede moes egter die 88 beeste betaal om ook daardie reg te bekom. Hierdie beeste is aan Van der Walt gegee om hom te vergoed vir grond wat hy afgestaan het om een van die plase waarop die stam gewoon het, vir hulle te bekom. Maubane-hulle het egter hierdie uiteensetting verwerp.

Nog 'n rede tot ontevredenheid wat deur die stam aangevoer is, was dat baie arbeiders nie, ooreenkomsdig die bepalings van die kontrak, deur die belanghebbers vir hulle arbeid vergoed is nie. Dat dit in ten minste sommige gevalle waar was, is deur die veldkornet van daardie wyk bevestig. Hy het onder andere melding gemaak van so 'n geval waarteen hy opgetree het. Samehangende hiermee was die Bakgatla baga-Motsha ook ontevrede omdat hulle slegs vir die belanghebbers moes werk en hulself nie ook aan ander mense kon verhuur nie. Boonop het hulle met al hulle verpligte teenoor die belanghebbers en die regering (die kommandodiens, ens.) nie genoeg tyd gekry om die grond waarop hulle gewoon het, vir hulself te bewerk soos wat die veronderstelling was nie. Daarbenewens was die bestaande grond in elk geval te min vir hulle behoeftes.<sup>30</sup>

Die meeste van hierdie besware is in 1871 voor die sogenaamde "Commissie voor Kafferzaken" deur Andries Maubane en sy raadslede herhaal. Baie daarvan is deur landdros W. Skinner van Pretoria en eerwaarde Sachse bevestig. Skinner het daaraan toegevoeg dat die stamlede onder die indruk verkeer het dat hulle nie altyd billik deur die belanghebbers behandel is nie. Sachse was dieselfde mening toegedaan. Die Swartes self het beweer dat hulle soms onnodig geslaan is.<sup>31</sup>

Die belanghebbers se vernaamste klagte teen die Swartes was dat hulle nie gereeld arbeid voorsien het soos deur hulle in die kontrak onderneem nie. Hiermee is al sedert 1863 probleme ondervind,<sup>32</sup> maar sedert ongeveer 1870 het dit eers ernstige afmetings begin aanneem.<sup>33</sup> Die veldkornet en kommandant moes trouens na aanleiding van sulke klagtes boetes ople.<sup>34</sup> Sommige belanghebbers was verder ontevrede met die rol wat eerwaarde Sachse as beskermheer van die stam gespeel het.<sup>35</sup> Hulle het dit ook ongewoon en afkeurenswaardig gevind dat Sachse die Swartes met die hand gegroet het.<sup>36</sup> Sachse se beweerde uitlating dat hy die bescherming van 'n buitelandse moondheid sou inroep, het insgelyk groot opslae gemaak.<sup>37</sup>

Intussen, gelyktydig met probleme tussen die belanghebbers en die Bakgatla bagaMotsha, is laasgenoemde ook betrek by 'n twis oor die gebruik van die ander helf-

30. S.S. 128: R1486/70, A. Maubane — Volksraad, 4/12/1870; S.S. 129: R1566/70, Verslag van die Kommandant-generaal, 20/12/1870; U.R. 24, Uitvoerende Raadsbesluit, 12/7/1871, artikel 68.
31. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Commissie voor Kafferzaken, verklarings van W. Skinner, Andries, David en O. Sachse, pp. 323—325, 349—352, 355—358.
32. S.S. 8611: B.B. 134/63, J.H. Visagie — F.K. Maré, 7/4/1863.
33. S.S. 154: R324/73, J.P. Botha en 24 ander — Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1/3/1873.
34. S.S. 139, Supplementêre Stukke 1871: Commissie voor Kafferzaken, verklarings van S.T. Prinsloo, T. Erasmus en O. Sachse, pp. 310—314, 343—347 en 355—358.
35. *Berliner Missionsberichte* 1871, p. 181; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, p. 659.
36. *Berliner Missionsberichte* 1870, pp. 68—69; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, pp. 640—641.
37. *Berliner Missionsberichte* 1872, pp. 67, 68; U.R. 3, Uitvoerende Raadsbesluit, 9/6/1869, artikel 23.

te van die plaas Wijnandskraal. Hierdie deel was in besit van 'n sekere Erasmus. Aanvanklik is probeer om 'n effektiewe verdeling te kry sodat die Swartes nie inbreuk sou maak op Erasmus se deel van die plaas nie, maar dit was nie baie geslaagd nie.<sup>38</sup> Later het hulle 'n ooreenkoms met Erasmus aangegaan waarvolgens hulle sy grond kon gebruik in ruil vir verskaffing van arbeid aan hom. Toe daar egter probleme hiermee ontstaan, het Erasmus die kontrak opgehef.<sup>39</sup> Hieruit het 'n lang en onaangename twis ontstaan, want die Swartes wou nog steeds die grond gebruik.<sup>40</sup> Die verlies van hierdie grond moes ongetwyfeld verder bygedra het tot die stam se begeerte om groter grond elders in die hande te kry.<sup>41</sup>

Die gespanne verhouding met die belanghebbers het teen die helfte van 1872 reeds so ver ontwikkel dat Maubane op die uitkyk was vir ander grond.<sup>42</sup> In Maart 1873 het die belanghebbers geëis dat as die arbeiders nie aan die kontrak wou voldoen nie, die stam die grond binne vyftien dae moes verlaat.<sup>43</sup> Volgens eerwaarde Sachse het die veldkornet toe drie moontlikhede aan die stam voorgehou: ḫf hulle moes hulle opnuut by die bepalings van die kontrak hou, ḫf hulle moes die grond van die belanghebbers huur teen £900 per jaar, ḫf hulle moes dadelik padgee. Hierop het kaptein Maubane en sy volgelinge besluit om na ander grond te trek. Eerwaarde Sachse was bereid om hulle te help om sulke grond in die hande te kry.<sup>44</sup>

Alhoewel daar aanvanklik 'n moontlikheid bestaan het dat die regering grond vir die Bakgatla bagaMotsha sou aanwys<sup>45</sup> — iets wat deur hulle verwelkom is<sup>46</sup> — het daar niks van gekom nie. Die bestaande regeringswette het hulle taak selfs bemoeilik omdat Swartmense daarvolgens nie grond in eiendomsreg kon besit nie. Die praktyk het egter bestaan dat 'n stam vir hulle grond kon laat transporteer op die naam van 'n sendeling.<sup>47</sup> Kaptein Maubane het dan ook op hierdie manier vir eerwaarde Sachse gebruik om vir hulle grond te koop. Sachse het uiteindelik vier aangrensende plase vir hulle gekry, naamlik Schilpadfontein, Klippan, Middelkop en Paayzynpan. Die koopsomme van die eerste drie plase was onderskeidelik £300, £100 en £100,<sup>48</sup> terwyl die transportakte van Paayzynpan nie opgespoor kon word nie. Om hierdie skuld te kon afbetaal, het die Bakgatla onder hulself geld en vee bymekaargemaak.<sup>49</sup>

- 
38. U.R. 2, Uitvoerende Raadsbesluit, 5/11/1866, artikel 6; S.S. 82: R1188/66, Verslag van der Heer T.J. Erasmus, 21/12/1866.
39. S.S. 129: R1566/70, Verslag van die Kommandant-generaal, 20/12/1870.
40. V.R. 217: J.C. Preller — Volksraad, 4/7/1872; Landdros Pretoria 3: J.C. Preller — Landdros Pretoria, 8/12/1870.
41. S.S. 155: R414/73, A. Maubane — President en Uitvoerende Raad, 12/3/1873.
42. S.S. 145: R818/72, S.T. Prinsloo — S.J.P. Kruger, 2/7/1872 (bylaag tot aanhangsel van die Kommandant-generaal se verslag).
43. S.S. 154: R324/73, J.P. Botha en 24 ander — Staatspresident en Uitvoerende Raad, 1/3/1873.
44. *Berliner Missionsberichte* 1875, p. 187; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft* IV, p. 663; S.S. 155: R414/73, A. Maubane — President en Uitvoerende Raad, 12/3/1873; S.S. 156: R673/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 10/5/1873.
45. *Berliner Missionsberichte* 1873, p. 386; H.T. Wangemann: *Geschichte der Berliner Missiongesellschaft* IV, p. 660.
46. S.S. 128: R1486/70, A. Maubane — Volksraad, 4/12/1870; S.S. 129: R1566/70, Verslag van die Kommandant-generaal, 20/12/1870; S.S. 139, Supplementäre Stukke 1871: Commissie voor Kaffer-zaken, verklarings van Andries, David en O. Sachse, pp. 349—352, 355—358.
47. W.A. Stals: *Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op Grond in die Transvaal*, 1838—1884, pp. 62—64.
48. S.S. 156: R673/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 10/5/1873; *Berliner Missionsberichte* 1875, p. 187; Aktekantoor, Pretoria: Transportakte 446/1873, 972/1873.
49. *Berliner Missionsberichte* 1875, p. 187.

Die distriksgrenslyn van Pretoria het deur die middel van hierdie vier phasen geloop sodat twee daarvan in die aangrensende landdrostdistrik Waterberg gevall het. Op versoek van Maubane en Sachse het die regering besluit om die phasen Klippan en Paayzypaan ook by die landdrostdistrik van Pretoria in te lyf sodat Maubane en sy volgelinge nie onder twee landdroste verdeel sou word nie.<sup>50</sup>

Die helfte van Schilpadfontein is deur eerwaarde Sachse vir die Berlynse Sendinggenootskap gekoop en is deur hom na sy tuisdorp in Duitsland vernoem — Neu Halle. Sodoende wou Sachse voorkom dat hy en die gelowige stamlede van kaptein Maubane afhanklik sou wees.<sup>51</sup> Die ander grond wat vir Maubane se stam gekoop is, is ook in sy naam geregistreer, maar om toekomstige misverstand hieroor te voorkom, is 'n skriftelike ooreenkoms tussen Sachse en Maubane gesluit. Hiervolgens is ewigdurende gebruiksreg aan die Bakgatla bagaMotsha gewaarborg en het Sachse onderneem om die grond nooit te vervreem nie. Maubane en Sachse het albei die regering versoek om hierdie ooreenkoms te bekragtig om as verdere waarborg vir die stam te dien.<sup>52</sup> Hoewel hierdie versoek deur die Uitvoerende Raad behandel en na die Volksraad verwys is,<sup>53</sup> was daar teen Augustus 1873 nog nie finaliteit bereik nie.<sup>54</sup> Daar kon nie vasgestel word of die regering dit wel later bekragtig het nie.

Nadat Sachse die grond aangekoop het, het Maubane by die regering verlof gevra om daarheen te verhuis en versoek dat die kontrak met die belanghebbers opgehef word. Hy het toe net die gebrek aan genoeg grond as rede genoem vir hulle begeerte om te trek.<sup>55</sup> Die stam se vertrek is egter vertraag toe eerwaarde Sachse die regering gewaarsku het dat Maubane moontlik van daardie geleentheid gebruik wou maak om na 'n bergvesting te trek.<sup>56</sup> Die regering het gevólglik eers onderzoek ingestel, maar dit het nie veel opgelewer nie.<sup>57</sup> Selfs nog voordat 'n ampelike verslag daaroor aan die regering voorgelê is, het hulle op 14 Junie 1873 vir Maubane gelas om dadelik na die nuwe grond te vertrek.<sup>58</sup> Alhoewel die meeste mense toe getrek het, het daar tog 'n

50. S.S. 155: R500/73, O. Sachse en A. Maubane — President en Uitvoerende Raad, Maart 1873; U.R. 5, Uitvoerende Raadsbesluit, 14/6/1873, artikel 33; S.S. 8622: B.B. 1944/73, N. Swart — J. Smit, 10/12/1873 en B.B. 2006/73, N. Swart — Landmeter-generaal, 29/12/1873; S.S. 164/73: R2066/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 4/12/1873; Landdros Pretoria 3: T. Burgers — Landdros Pretoria, 26/4/1874 en N. Swart — Landdros Pretoria, 18/12/1874; U.R. 5, Uitvoerende Raadsbesluit, 9/12/1874, artikel 187.
51. S.S. 164: R2066/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 4/12/1873; Berliner Missionsberichte 1874, pp. 239; Berliner Missionsberichte 1875, pp. 187, 189, 229; Berliner Missionsberichte 1878, p. 436; J. Richter: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft, 1824—1924, pp. 261—262; H.T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV, pp. 665—666; Aktekantoor, Pretoria: Pretoriaplaasregister (57—110), Schilpadfontein 79, p. 368.
52. S.S. 155: R415/73, J.C. Preller — President en Uitvoerende Raad, 14/3/1873 en R416/73, J.C. Preller — President en Uitvoerende Raad, 14/3/1873; S.S. 156: R673/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 10/5/1873; Berliner Missionsberichte 1875, p. 187.
53. U.R. 5, Uitvoerende Raadsbesluit, 14/6/1873, artikel 32.
54. S.S. 159: R1182/73, J.C. Preller — N. Swart, 6/8/1873.
55. S.S. 155: R414/73, A. Maubane — President en Uitvoerende Raad, 12/3/1873.
56. S.S. 156: R673/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 10/5/1873; Berliner Missionsberichte 1873, p. 391; H.T. Wangemann: Geschichte der Berliner Missionsgesellschaft IV, p. 663.
57. U.R. 5, Uitvoerende Raadsbesluit, 24/5/1873, artikel 9; S.S. 8620: B.B. 695/73, N. Swart — Landdros Pretoria, 26/5/1873; S.S. 158: R911/73, T. Erasmus — President en Uitvoerende Raad, 18/6/1873.
58. U.R. 5, Uitvoerende Raadsbesluit, 14/6/1873, artikel 31; S.S. 8620: B.B. 751/73, N. Swart — A. Maubane, 16/6/1873 en B.B. 777/73, N. Swart — T.C. Potgieter, 19/6/1873.

groep aan die Apiesrivier agtergebly. Jonas Morake is later deur Maubane as onderkaptein oor hulle aangestel.<sup>59</sup>

Aangesien die nuwe grond nie teenaan 'n rivier was nie, het Maubane ooreenkoms met die boere gesluit om suipreg vir hulle vee by die nabijgeleë Elandsrivier te kry.<sup>60</sup> Klaarblyklik het veral kaptein Maubane, geoordeel aan sy materiële besittings, hier redelik welgesteld geword. Hy het onder meer self 'n winkeltjie besit en het 'n mooi agt- of negevertrek-huis bewoon wat in westerse styl gebou was.<sup>61</sup>

By die nuwe woonplek was die konflik tussen Christendom en tradisionele stamgebruiken nog intenser as voorheen. Die meeste stamlede wat dit erns gemaak het met die Evangelie, het van die begin af hulself op die sendinggrond, weg van die res van die stam, gevestig.<sup>62</sup> Die westerse gebruiksartikels en gebruikte het blykbaar veral onder hierdie Swartes inslag gevind.<sup>63</sup> Dit is te verstane dat daar mettertyd botsing tussen hierdie mense en die meer tradisionele stamlede sou ontstaan. Die gelowiges was byvoorbeeld later so sterk gekant teen poligamie dat hulle nie wou toelaat dat 'n invloedryke onder-kaptein wat die sending goedgesind was, maar poligamie bedryf het, hom op die sendinggrond vestig nie.<sup>64</sup> Ook die inisiasiegebruik het tot groot onenigheid gelei toe die gelowiges nie meer daaraan wou deelneem nie. Op 'n stamvergadering is later selfs besluit dat dit vir almal verpligtend was om aan die inisiasiefees mee te doen. Gelowiges wat hulle daarvan onthou het, is mishandel en die sendeling moes tussenbeide tree.<sup>65</sup> Ook die praktyk van sogenaamde reënmakery het tot onmin gelei. Die gelowiges het mettertyd botweg geweier om die gebruiklike bydraes in verband met reënmakery aan die kaptein te lewer. Toe 'n plaasvervangende belasting van 'n halfkroon vir hulle ingestel is, wou hulle ook dít nie betaal nie omdat dit volgens hulle dieselfde doel sou dien.<sup>66</sup>

Dit was duidelik dat baie van die tradisionele stamgebruiken onversoenbaar was met die oogmerke van die sending. Vir kaptein Maubane wat as kaptein die hoofverteenvoerdiger en verpersoonliking van die stamlewe was, het die teenwoordigheid van die sendeling 'n groot gevaar geword omdat sy gesagsposisie en die lojaliteit van sy onderdane daardeur aangetas is.<sup>67</sup> Maubane, wat aanvanklik 'n goeie verhouding met eerwaarde Sachse gehad het, se houding het onverskillig en selfs vyandig geword. Hy het bekommerd geraak oor die groeiende invloed van die sending en het alle kontak met eerwaarde Sachse verbreek. Hy het ook verder die sending teengewerk deur Sachse

59. S.N. 4A: No. 81, A.M. Moepi — T. Shepstone, 17/5/1881.
60. S.S. 171: R797/73, O. Sachse — Uitvoerende Raad, 1/6/1873; S.S. 8623: B.B. 777/74, N. Swart — A. Maubane, 5/6/1874.
61. *Berliner Missionsberichte* 1881, p. 296; H.T. Wangemann: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, p. 278.
62. S.S. 164: R2066/73, O. Sachse — President en Uitvoerende Raad, 4/12/1873; D.E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*, p. 255.
63. *Berliner Missionsberichte* 1881, p. 298; *Berliner Missionsberichte* 1882, p. 327.
64. *Berliner Missionsberichte* 1878, pp. 441—442; D.E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*, pp. 257—258.
65. *Berliner Missionsberichte* 1878, pp. 436—438; D.E. Kratzenstein: *Kurze Geschichte der Berliner Mission in Süd- und Ostafrika*, p. 256.
66. H.T. Wangemann: *Ein Zweites Reisejahr in Süd-Afrika*, pp. 277—278, 294—300.
67. T.S. van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859—1882*, pp. 116—117, 123, 137—138, 142, 150—151; H.J. van Zyl: *Die Bakgatla van Mosétilha*, pp. 52—53, 61.

verdag te probeer maak by die gelowiges, kerkbywoning te ontmoedig, Christelike lektuur te konfiskeer, stamgebruiken af te dwing en deur middel van intimidasie. Sachse was soms selfs verplig om beskerming van die regering te vra teen Maubane se optrede.

Maubane se vernaamste troefkaart was egter die beroep wat hy op die gelowiges se stamlojaliteit gedoen het. Toe hy sien dat sy negatiewe metodes teen die sending nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy aan die gelowige stamlede laat weet dat hy die strydbyl begrawe het en het by hulle versoek om, volgens stamgebruik, met die bewerking van sy landerye te kom help. Sachse het die gelowiges afgeraai omdat hy gedink het Maubane wou hulle daardeur weer van die sending afrokkel. Sachse het egter die houvas wat die diepgewortelde stamlojaliteit op die gelowiges gehad het, onderskat, want hy het later uitgevind dat hulle wel gegaan het. Na hierdie morele oorwinning van Maubane het hy en Sachse tot 'n soort vergelyk gekom. Die gelowiges sou voortgaan om Maubane se kapteinskap oor hulle te erken, terwyl hy onderneem het om nie die sending verder te benadeel nie. Eerwaarde Sachse se opvolger, eerwaarde Kahl, het ook hierby ingeval. Hierdeur het Maubane gedeeltelik toegegee aan die toenemende invloed van die sending by sy stam.<sup>68</sup> Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog het hy dan ook eerwaarde Kahl se raad aanvaar om 'n neutrale en vriendelik houding teenoor die Boere in te neem.<sup>69</sup>

In die voorafgaande studie kan daar dus 'n paar belangegroepe duidelik onderskei word: Eerstens, die blanke boere met hulle begeerte om swart plaasarbeiders te bekom en hulle voorsorg om hierdie arbeid te behou, soms teen die wense van daardie arbeiders. Tweedens, die sendeling met sy allesoorheersende begeerte om die sending te bevorder. Hy tree soms in belang van die stam op, byvoorbeeld as hul segsman en adviseur by die owerheid en blanke boere, maar soms ook téén hul belang wanneer hy hul tradisionele gebruikte beveg en die kaptein se magtsposisie aantas. Derdens is daar die stam self wat oënskynlik in 'n voortdurende stryd is om die behoud van sy onafhanklikheid en sy tradisionele gebruikte. Hierdie belangegroepe sou ongetwyfeld ook elders in die Transvala teenwoordig gewees het. Die mate van gesag en invloed wat elk van hierdie groepe op 'n bepaalde plek gehad het, sou afhang van die plaaslike omstandighede. In die geval van die Bakgatla bagaMotsha het die digte bewoning van Blankes in daardie omgewing en die nabijheid van regeringsgesag beslis sterk in die guns van die belanghebbers en die sending getel.

---

68. J.S. Bergh: *Die Berlynse Sendinggenootskap in Pretoria en Omgewing, 1866–1881*, pp. 174–178  
69. *Berliner Missionsberichte* 1882, pp. 334, 337–338.